"Eish – this lockdown!" Navorsing oor tieners se belewenisse tydens die grendelstaat

Danie Kloppers

Danie Kloppers, onafhanklike navorser

Opsomming

Suid-Afrika is, soos die res van die wêreld, tans in 'n grendelstaat[1] vasgevang. Dit beïnvloed die ekonomie, verhoudings en ander aspekte van die burgerlike samelewing. Hierdie artikel en die kwalitatiewe navorsing wat daarin vervat is, bied 'n blik op die wyse waarop die grendelstaat – wat ek as 'n ramp beskou – hulle beïnvloed en hoe die deelnemers dit midde-in die grendeltyd ervaar. Die artikel begin met 'n oorweging van die ekologiese, handelings- en veerkragtigheidsteorieë wat as grondslag vir die navorsing gedien het, waarna die wyse waarop rampe die samelewing en tieners raak, hanteer word. Die laaste gedeelte van die literatuurstudie hanteer die wyse waarop volwassenes en tieners rampe in die verlede suksesvol hanteer het.

In die empiriese navorsing – wat gedurende die grendelstaat gedoen is – val die soeklig op die deelnemers se emosies, vrese, sienings oor die gemeenskap, onderwys en die positiewe aspekte van die grendelstaat.

Die artikel sluit af met 'n aantal aanbevelings in die lig van die grendelstaat.

Trefwoorde: blydskap; COVID-19; emosies; frustrasie; grendelstaat; kwalitatiewe navorsing; rampe; tieners; veerkragtigheid; verhoudings; vrees

Abstract

"Eish – this lockdown!" Research about teenagers' experiences during the lockdown

South Africa, like many parts of the world, is currently still caught in a lockdown as a result of the COVID-19 pandemic. The lockdown – which the author categorised as a disaster –

influences the economy, relationships and civil society at large. It also affects teenagers. The purpose of this research was to find out how teenagers are experiencing the lockdown.

The theoretical basis for the research was drawn from three theories. The ecological model of Bronfenbrenner (1979) provides a base for the interactions between an individual and his/her environment (Härkönen 2007). Certain factors, e.g. violence or the low socio-economic status of children can hamper their development, while positive aspects in the environment can improve wellbeing (Tupuola, Cattell and Stansfeld 2008). The second theory is the social space and ethical action theory (Van der Walt and Wolhuter 2018) which, in brief, postulates that every individual functions in a "cosmic framework" of interactions, but that these interactions are also informed by an ethical-moral element which, in the context of this research, also means that teenagers must act morally. Thirdly, resilience theories may give some clarity on the ways in which individuals act during disasters. These theories refer to an individual's ability to successfully manage the negative impact of trauma and to avoid the negativity attached to risks.

Disasters have dire consequences. Not only are disasters "shockingly lethal" (Bonanno et al. 2010), but they also influence the economy and relationships. As nearly half of all disaster victims are usually, or frequently, children, disasters also affect teenagers. Consequences for teenagers include anxiety, stress, depression, sleep disorders, disorientation and post- traumatic stress disorder, while provisional research also indicates an increase in substance abuse (cf. Speier 2000; Bonanno et al. 2010). Disasters also affect education. These consequences include displacement, physical damages, financial constraints, children who prefer to enter the labour market rather than go back to school, an increase in grade failures and the emotional impact of death. However, except for newspaper articles by Gaur (2020a and 2020b) and Jasevičiūtė (2020), little has been published about the impact of the lockdown on teenagers and their education. This research provides some insights into the impact of and teenagers' views on the lockdown.

Although people react differently to a disaster, most will overcome the negativity due to their resilience. Previous research indicated different extreme situations where people survived and the characteristics necessary for survival. These include life in Polar regions, in a submarine, and in natural disasters like Hurricane Katrina and the 2005 floods in Mumbai. Research findings indicate that survival is dependent on both personal traits (e.g. humour, social interaction and venting of emotions) and the environment and social relationships. With regard to teenagers, good relationships with parents and peers, the ability to solve problems and commitment are protective factors. These and other characteristics of resilience enabled teenagers to overcome negative socio-economic circumstances, to live away from a parent and to survive natural disasters in Canada, Taiwan and Thailand. However, not much research has been done on teenagers' reaction during the lockdown which was the focus of this study.

A qualitative phenomenological study was completed to discover how teenagers were feeling during the lockdown. A request to participate and questionnaire were sent via WhatsApp to potential participants, who were chosen through convenience sampling. The teenage participants were mostly from rural North-West, and included learners from ten different schools. The questionnaire requested biographical information and included open questions about the participants' current emotions and fears, their views on the atmosphere in their environments and the effect of the lockdown on education. Sixteen participants – fourteen teenagers and two adults – participated in the research. No interviews were conducted. Instead, both the questions and answers were routed via WhatsApp, with the exception of one participant who used e-mail.

Participants either wrote their answers and sent images or answered directly as WhatsApp messages. Ethical considerations, including consent by teenagers and parents, privacy and beneficence were duly observed. The two adults were included as there is a congruence between their responses and those of the teenagers.

When asked to state three emotions, participants indicated four groups of emotions. The majority indicated that they were sad. Other emotions included anxiety, aggression/frustration and joy. The findings differ from those of previous research, which indicated that fear/anxiety was the most prevalent emotion. The reference to aggression/frustration and the percentage of participants (38%) who referred to joy despite the circumstances, were also not reflected in previous studies.

Participants were requested to state three fears. Six fears were indicated: education, the economy, the virus, starvation, uncertainty, and the role of the security services. Regarding education, 81% of the participants were anxious about education. Some of the fears were that they would fail the year, that there would not be enough time to catch up all the work, that the schools would not open again in 2020 and that there would be too much pressure on learners once the schools reopened. Their responses about the effect of the lockdown on education included time lost and dropping marks, but also that there were learners who did not have access to the internet or social media, and were thus unable to study during the lockdown.

With regard to relationships the participants were ambivalent. Some were of the opinion that relationships, especially with parents, improved. Others referred to the stress and depression caused by remoteness, and on the other hand, the frustration of being in one another's presence all the time.

The lockdown had various consequences for the participants' communities. Seven themes were evident. The effect of the lockdown on the economy was referred to by seven participants. Four referred to the current unemployment of their parents, while the frustration in the community, as well as the "poverty, social and psychological pressure" on the informal sector were also mentioned. Participants further mentioned the relative quietness of their communities and some were of the opinion that crime had decreased. Other themes included the plight of street children, the positive effect of the prohibition on the sale of alcohol, and the fact that some people were not obeying the lockdown regulations. An interesting theme was the effect of the lockdown on funerals. A participant noted that the lockdown made it impossible to "attend to and support the late/dead person", which indicates the importance of funerals in some communities.

On the positive side, all the participants were able to give at least one advantage of the lockdown. These included more time available for personal and family time, that the lockdown had a negative impact on the coronavirus, fewer accidents and less alcohol abuse, "resting time" for the earth, and money saved due to retailers' being closed.

The participants' responses indicated several aspects of resilience. More than 90% indicated that they are always happy, or happy most of the time. Two-fifths indicated "joy" as an emotion they felt during the lockdown. Participants used the lockdown as study time and were able to articulate their fears. It seems that despite the social distancing, the participants did not feel lonely. Finally, the participants showed a sense of the future by indicating that the government should plan for future disasters.

As the research was done during the lockdown, there were some limitations, including the relatively small number of participants and the absence of interviews. However, the results confirmed findings in previous research and also provided novel insights on the views of teenagers during the lockdown. It can therefore serve as preliminary research on the effects and consequences of the lockdown for teenagers.

The article concludes with recommendations, including the necessity for further research and post-pandemic research.

Keywords: COVID-19; disasters; emotions; fear; frustration; happiness; lockdown; qualitative research; relationships; resilience; teenagers

1. Inleiding

Rampe slaan vinnig toe, maar dit kan jare neem om daarvan te herstel (Bonanno, Brewin, Kaniasty en La Greca 2010:2). Die mensdom beleef tans weer eens die geldigheid van hierdie stelling met die COVID-19-pandemie wat die internasionale samelewing soos ’n vloedgolf getref het. Suid-Afrika word ook nie ontsien nie. Ten tye van die navorsing waarop hierdie artikel gegrond is, was die land in die derde week van die grendelstaat. Die aanvanklike grendelstaat is verleng tot die einde van April 2020 (Mailovich 2020)[2] en duur steeds ten dele in Junie 2020 voort. Die grendelstaat beteken vir Suid-Afrikaners dat skole reeds sedert 18 Maart 2020 gesluit is en teen 31 Mei 2020 nog nie vir die tweede kwartaal heropen het nie.

Die grendelstaat ontwrig maatskaplike verhoudings, en verskeie koerant- en aanlyn artikels het reeds internasionaal en nasionaal oor die invloed van die pandemie op die ekonomie en die samelewing verskyn (Macdonald 2020; Monks 2020; Reddy 2020). Weinig navorsing is egter nog gepubliseer oor die welstand van die publiek en veral tieners gedurende die grendelstaat. Die doel van hierdie navorsing is om – binne die sfere van opvoedkunde en opvoedkundige sosiologie – voorlopig en intyds te bepaal wat die invloed van die grendelstaat op tieners is.

2. Teoretiese en konseptuele begronding

Die teoretiese raamwerk van ’n stuk navorsing is die teoretiese begronding wat deur ’n navorser gebruik word om hom te rig en lig op die navorsingsprobleem te werp (Sefotho en Du Plessis 2018:31).

Die teoretiese lens vir hierdie navorsing bestaan uit drie bene. Die eerste is die bekende ekologiesesisteemteorie van Bronfenbrenner (1979) wat ’n teoretiese begronding bied vir die wisselwerking tussen ’n individu en sy omgewing (Härkönen 2007:7). Hy gebruik verskeie groterwordende sirkels wat die entiteite wat ’n individu beïnvloed aandui, vanaf die mikrosisteem wat die verhouding met naaste individue verteenwoordig, die eksosisteem (wat enersyds die wisselwerking tussen verskillende sisteme aandui en andersyds verwys na die sisteme wat buite die beheer van die individu is, maar ’n invloed op haar[3] uitoefen), tot die makrosisteem wat die ander sisteme omsluit (Härkönen 2007:11, 14). Sekere faktore, soos geweld of ’n lae sosio-ekonomiese status kan ’n kind se ontwikkeling belemmer, terwyl

positiewe aspekte in die omgewing haar welsyn kan bevorder (Tupuola, Cattell en Stansfeld 2008:174). In navolging van vorige navorsing (Kloppers en Van der Berg 2018:317) word die ekologiese model as begronding vir die wisselwerking tussen persoonsgebonde faktore en kontekstuele faktore wat op tieners inspeel, gebruik.

Die tweede been van die teoretiese raamwerk is die begronding wat die handelingsteorie (Van der Walt en Wolhuter 2018:970) kan bied. Die teorie sluit by die ekologiese model aan deur aan te toon dat alle handelinge binne 'n "kosmiese wetsraamwerk van sosiale interaksie" plaasvind. Dit stel dit verder dat elke individu 'n "skeppingsdoel" het wat binne haar gediversifiseerde sosiale ruimte uitgeleef moet word (Van der Walt en Wolhuter 2018:971). 'n Belangrike aspek van die handelingsteorie is die vereiste dat die individu nie bloot mag optree nie, maar eties-moreel en met morele verbeelding (Van der Walt en Wolhuter 2018:971). In die konteks van die grendelstaat beteken dit dat van tieners verwag kan word om binne die bestaande etiese norme op te tree, hulle verbintenis tot naasteliefde en ubuntu[4] uit te leef, en ook te verstaan wat ander rolspelers binne hulle ekologiese sisteme se optrede aandryf. Hierdie etiese norme sluit onder andere die inperkingsregulasies wat deur die regering afgekondig is en die huisreëls wat op elke huishouding van toepassing is, in.

Derdens bied veerkragtigheidsteorieë 'n basis om die optrede van deelnemers tydens die grendelstaat te verstaan. *Veerkragtigheid* verwys na 'n individu se vermoë om die negatiewe gevolge van blootstelling aan gevaar te oorkom, traumatiese gebeure suksesvol te verwerk en negatiwiteit verbonde aan risiko te vermy (Fergus en Zimmerman 2005:399; Steyn 2006:9; Zimmerman 2013:381; Filippa 2016:33). Veerkragtigheidsteorie fokus dus daarop om individue se sterkpunte te midde van negatiewe omstandighede – soos die grendelstaat – te verstaan. Die teorieë fokus op onder andere vergoedings-, beskermings- en uitdagende modelle en beskermende faktore ("promotive factors") wat individue in staat stel om negatiewe gebeure te oorkom (Zimmerman 2013:382; Filippa 2016:42; Bluth, Mullarkey en Lathren 2018:3038). *Vergoedingsmodelle* verwys na spesifieke faktore wat 'n rol speel om individue te help om negatiewe omstandighede te oorkom (Fergus en Zimmerman 2005:401). *Beskermingsmodelle* verwys na die bestaan van beskermende faktore wat die individu teen die negatiewe beskerm terwyl *uitdagende modelle* verwys na omstandighede wat in mediese terme met 'n entstof vergelyk kan word: Die individu leer deur minder ernstige gevare om ernstiger gevare die hoof te bied (Fergus en Zimmerman 2005:403).

'n Belangrike aspek van veerkragtigheid is dat dit nie net in persoonlike eienskappe – wat Zimmerman e.a. (2013:2) "bates" noem nie – maar ook in hulpmiddels soos die wisselwerking tussen die individu en sy omgewing geleë is (Fergus en Zimmerman 2005:405; Steyn 2006:31–9). Veerkragtigheid is dus konteksgedrewe of kontekspesifiek wat die ekologiese wisselwerking tussen 'n individu en sy omgewing beklemtoon (Tupuola e.a. 2008:175; Zimmerman e.a. 2013:6; Filippa 2016:39).

Die drie teorieë sal tydens die navorsing gesamentlik as grondslag gebruik word.

3. Oorsig uit die literatuur

Gegewe dat hierdie artikel tydens die grendelstaat voorberei is, bestaan daar tans bitter min indien enige navorsing oor die invloed daarvan op tieners. Vorige navorsing oor die invloed

van rampe, die optrede van volwassenes en tieners in uiterste omstandighede en plasings op die internet kan egter as basis vir die navorsing dien.

3.1 Invloed van rampe

3.1.1 Inleidende opmerking

Alhoewel COVID-19 tans wêreldwyd tot uitsonderlike omstandighede – wat in die res van bespreking bloot "rampe" genoem word[5] – aanleiding gee, is dit nie uniek nie. Die mensdom en individue moes reeds – beide uit keuse en noodgedwonge – verskillende krisisse oorleef. Baie en wyd uiteenlopende navorsing en artikels is daaroor beskikbaar, veral wat die invloed daarvan op nasionale ekonomieë, ondernemings en individue se sielkundige welstand betref (Bonanno e.a. 2010:2; Rodriguez-Oreggia, De la Fuente, De la Torre en Moreno 2010:2; Lowe, Rhodes en Scoglio 2012:286; Onigbinde 2018:3) In hierdie afdeling kom die breë gevolge van rampe aanvanklik onder die loep, waarna die soeklig op drie gebiede val: verhoudings, skole en tieners.

3.1.2 Gevolge van rampe

Rampe skok gewone mense en huishoudings. Dit het 'n invloed op die inkomste en verdienvermoë van huishoudings, met veral mindergegoede huishoudings en vroue wat in verhouding erger geraak word (Bonanno e.a. 2010:16; Rodriguez-Oreggia e.a. 2010:5; Lowe e.a. 2012:287; Parthasarathy 2015:554). Die rimpeleffek strek verder, met plaaslike ondernemings wat finansiële verliese ly en streeksproduksie wat skade ly (Rodriguez-Oreggia e.a. 2010:5–7). Rampe het egter nie net ekonomiese gevolge nie. Dit veroorsaak lewensverlies, verwoesting en emosionele letsels (Lowe e.a. 2012:286). Bonanno e.a. (2010:2) som dit treffend op: "Disasters can be shockingly lethal, often claiming the lives of hundreds if not thousands of people and spreading a wide web of loss and grief over a vast geographical range."

Ongeveer 'n derde van die slagoffers sal beduidende sielkundige letsels opdoen en ongeveer 10% sal aan posttraumatiese spanning ly. Van die ander gevolge sluit fisieke letsels, ontberings, skok en verwildering en slaapversteurings in (Bonanno e.a. 2010:4, 9, 11). Dit is egter interessant om daarop te let dat die voorkoms van selfdood[6] nie wesenlik deur rampe verhoog word nie, hoewel die ramp wel as 'n sneller kan dien vir persone wat reeds vroeër aan depressie of selfdoodneigings gely het (Bonanno e.a. 2010:8)

3.1.3 Rampe en verhoudings

Verhoudings – wat binne die konteks van die teoretiese raamwerk van die navorsing veelvlakkig is – is baie belangrik gedurende en na afloop van 'n ramp (Drabek, Key, Erickson en Crowe 1975:482; Bonanno e.a. 2010:3; Lowe e.a. 2012:287). Drabek e.a. (1975:483) het navorsing gedoen oor die invloed van die 1966-tornado in Topeka, Kansas. Hulle bevind dat familie 'n groot bron van bystand tydens en na die ramp was en dat 'n verband bestaan tussen die kwaliteit van die verhoudings voor die ramp en hulp tydens die ramp. Hulle navorsing toon ook 'n algemene verbetering van verhoudings na die ramp, bevindings wat in latere navorsing bevestig is (Drabek e.a. 1975:486, 491; Lowe e.a. 2012:293). Breër verhoudings word ook deur 'n ramp geraak, omdat die gevolge van die ramp 'n rimpeleffek deur die gemeenskap veroorsaak (Bonanno e.a. 2010:6).

Rampe het egter ook ander verhoudingsgevolge. Na aanleiding van orkaan Katrina dui Lowe e.a. (2012:287) aan dat rampe ouerskap en huweliks- of saamleefverhoudings nadelig raak. Redes hiervoor sluit in dat mans hulle werk verloor en "ontman" voel, veranderende rolle binne die gesin, lang tydperke van verwydering en konflik nadat die partye weer bymekaar was, middelmisbruik en finansiële probleme (Lowe e.a. 2012:291–7).

3.1.4 Rampe en tieners

Ongeveer die helfte van alle rampslagoffers is jeugdiges (Fletcher, Cox, Scannell, Heykoop, Tobin-Gurley en Peek 2016:149). Tieners word dus ook, soos die res van die publiek, deur rampe beïnvloed.

Angs, spanning en depressie is algemene gevolge van 'n ramp, met navorsing wat aandui dat kinders meer as volwassenes daardeur geraak word (Speier 2000:14; Bonanno e.a. 2010:5). Ander gevolge sluit slaapversteurings, hartseer, verwarring, fisieke simptome soos hoofpyn en antisosiale gedrag in (Speier 2000:19). Ongeveer 30% van tieners ervaar kort na 'n ramp posttraumatiese spanning, maar dit neem gewoonlik na die eerste jaar af (Fergus en Zimmerman 2005:406; Bonanno e.a. 2010:5). Wu, Lee, Lin, Kao, Tu en Chang (2019:523) het egter tekens van 'n toename in emosionele spanning vir brandslagoffers gedurende die derde jaar na 'n ontploffing in Taiwan opgemerk. Voorlopige navorsing dui daarop dat middelmisbruik na 'n ramp onder tieners toeneem, met een studie wat aangedui het dat dit negentienvoudig toegeneem het (Bonanno e.a. 2010:8).

Drie faktore beperk egter die beskikbare data oor tieners se emosies tydens rampe. Eerstens is slegs beperkte navorsing oor die kinders se emosies tydens rampe beskikbaar (Speier 2000:12). Dit ten spyte van latere omvattende navorsing oor die emosionele status van kinders en tieners ná rampe (Gillies, Maiocchi, Bhandari, Taylor, Gray en O'Brien 2016). Tweedens beleef nie alle tieners rampe op dieselfde wyse nie (Fergus en Zimmerman 2005:406). So byvoorbeeld kan een tiener sy ouers se egskeiding as 'n ramp beleef terwyl 'n ander dit as 'n verlossing beskou (Speier 2000:12). Derdens kan bestaande navorsing oor die sielkundige gevolge van rampe op tieners, weens tekortkominge in navorsingsontwerpe en gevolgtrekkings, nie bloot aanvaar word nie (Bonanno e.a. 2010:3; Fletcher e.a. 2016:158).

Ten opsigte van die hantering en nagevolge van rampe vir tieners wys Fletcher e.a. (2016:159–60) daarop dat spanning weens befondsing, institusionele vereistes en oorvleueling tussen organisasies kan ontstaan. Dit is ook belangrik dat die nasorg multidimensioneel en multi-dissiplinêr beplan en uitgevoer word. Hierdie aspekte behoort na afloop van die grendelstaat behoorlik verreken te word.

Gaur (2020a) verwys in haar artikel na die menings van 'n aantal tieners oor die grendelstaat in Indië. Van die opmerkings sluit in dat die tieners positief voel oor die Eerste Minister se uitsprake, maar van mening is dat die grendelstaat te laat ingestel is, die toepassing daarvan halfhartig is en tieners meer en duideliker planne wil hoor oor wat die regering doen om die veiligheid van inwoners te verseker. In 'n volgende artikel (Gaur 2020b) skryf sy dat tieners gedurende die grendelstaat meer met hulle gesinne kommunikeer en selfs bordspeletjies geniet. Aansluitend hierby begin tieners hulle grootouers meer waardeer. In stede van wêrelde wat gewoonlik van mekaar verwyderd is, noop die grendeltyd tieners om meer met die ouer generasie te praat – en te hoor dat leë strate en min of geen sosiale kontak nie vir die vorige geslagte vreemd was nie.

Tieners se belewenis van die pandemie kan egter ook onthutsend wees. Die dagboek-inskrywings van ’n tienermeisie in Wuhan wat beide haar ouers in die pandemie verloor het (Jasevičiūtė 2020), beklemtoon enersyds die erns van COVID-19 en andersyds die rou emosie van verlies. Sy skryf op 29 Januarie 2020 dat sy op die sypaadjie sit terwyl haar pa mediese toetse ondergaan. Jasevičiūtė se Engelse vertaling van haar nota lui soos volg: “[N]ever have I felt so dejected, so powerless in my entire life. This is the worst kind of heartbreak, but I must be at his side until the very end.”

In ander notas skryf sy dat sy wens dat sy net nog een keer mooi vir haar ma kon kyk, dat haar pa ook in die hospitaal opgeneem is, en uiteindelik – die laaste ongedateerde inskrywing – dat haar pa ook oorlede is. Dit is opmerklik dat haar notas nie net haar verlies erken en verwoord nie, maar ook ten spyte van haar eie smart haar ma versoek om haar pa saam met haar hemel toe te neem waar hy vryelik kan asemhaal.

Die dagboek bring egter ook moontlik ’n ander aspek van inligting op die internet na vore gebring – dié van vals nuus. Die rou emosie in die notas het gevaarligte laat flikker dat die dagboek dalk vals kan wees. In hierdie verband waarsku McMillan en Schumacher (2010:85) dat die gebruik van die internet met omsigtigheid bejeën moet word omdat dit nie vir akkuraatheid of kwaliteit getoets is nie.

3.1.5 Rampe en onderwys

Onderwys en skole staan in die brandpunt van beide natuurlike en mensgemaakte rampe. Gegewe die omvangryke en geweldige aard van rampe, is dit te verstane dat dit ook die ontwikkeling en onderwys van kinders sal benadeel (Rodriguez-Oreggia e.a. 2010:5). Wat mensgemaakte rampe betref, wys Kapit (2018:8) daarop dat daar meer as 20 aanvalle op skole in elk van 28 lande in die tydperk 2013–2017 was. Hierdie aanvalle – wat vir die skoolgemeenskappe niks anders as rampe was nie – het verskeie negatiewe gevolge gehad, insluitende kinders wat ontvoer of ontheem is, skole wat vernietig is, en leerders en onderwysers wat op verskillende wyses aangerand en beseer is. Soos met rampe in die algemeen (Lowe e.a. 2012:287) ly vroue en meisies die ergste, nie net omdat hulle as seksobjekte beskou en gebruik word nie, maar ook omdat sommige groepe steeds veroordelend teenoor die opleiding van meisies staan (Kapit 2018:12).

Onigbinde (2018) doen ’n megastudie oor die invloed van natuurrampe op onderwys. Van die gevolge sluit in ’n gebrek aan fondse om vir onderwys te betaal, kinders wat verkies om tot die arbeidsmark toe te tree eerder as om skool te gaan, en die emosionele trauma weens die dood van ouers, familielede en onderwysers (Onigbinde 2018:9–11). Die herhalingskoers vir leerders tydens of kort na ’n ramp is aansienlik hoër as gewoonlik (Onigbinde 2018:17). Sy navorsing dien as ’n tydige waarskuwing vir onderrig ná die pandemie.

3.1.6 Oorweging

Die negatiewe gevolge van rampe op die samelewing, tieners en die onderwys bring veral drie feite na vore: dat dit ontwrigtend, universeel maar terselfdertyd individu- en kontekssspesifiek is. Dit beteken enersyds dat vorige navorsing gebruik kan word om die algemene gevolge van COVID-19 te voorspel, maar dat die unieke omstandighede in Suid-Afrika en vir gemeenskap of groep net so belangrik is.

3.2 Optrede in rampomstandighede

3.2.1 Inleidende opmerkings

Individue tree verskillend en met wisselende mates van emosionele sukses ten tye van rampe op, hoewel die meeste mense taamlik ongeskonde uit die ramp sal tree (Tyhurst 1951, aangehaal in Bonanno e.a. 2010:11). Die sukses waarmee hulle optree, word dikwels aan veerkragtigheid toegeskryf (Bonanno e.a. 2010:12). In die bespreking wat volg, word ’n aantal artikels en studies behandel wat veerkragtigheid vanuit verskeie invalshoeke belig.

3.2.2 Volwassenes se hantering van rampe

Palinkas (2003) doen navorsing oor die psigososiale aanpassings wat mense maak wat in uiterste omstandighede vasgevang is. Hy lei sy artikel in met die opmerking dat dit moeilik is om mens ’n kluisteromgewing in ’n wêreld met ses miljard mense voor te stel (Palinkas 2003:353) – ’n opmerking wat hy waarskynlik in die huidige wêreldkonteks sou heroorweeg. Die invloed wat uiterste toestande soos Antarktika op individue uitoefen is reeds in die eerste Poolekspedisie deur Cook (1909, aangehaal in Palinkas 2003:353) as ’n “swart gordyn” beskryf. Omstandighede vir navorsers op Antarktika word deur fisieke afsondering, donkerte en sosiale afsondering van vriende en familie gekenmerk. In hierdie omstandighede word persoonlike en gesinskrisisse deur die afsondering en afstand vererger (Palinkas 2003:354). In sy navorsing verwys Palinkas na vier groepe faktore wat sielkundige oorlewing beïnvloed, naamlik seisoenale, situasionele, sosiale en heilsame (“salutogenic”) faktore. Laasgenoemde groep verwys na die beginsel dat negatiewe omstandighede in sommige gevalle voordelig mag wees. Trouens, Palinkas (2003:359) verwys na sy eie vorige navorsing wat aangedui het dat ’n groep wat in Antarktika oorwinter het, oor ’n periode van 15 jaar daarna 20% minder as die kontrolegroep (wat nie aan Pooltoestande blootgestel was nie) in die hospitaal opgeneem is. Die poolgangers is ook tussen 27% en 73% minder as die kontrolegroep vir ’n verskeidenheid siektetoestande in die hospitaal opgeneem.

Van Wijk en Dalla Cia (2016) fokus hulle navorsing op die wyse waarop die bemanning van ’n Suid-Afrikaanse duikboot die uiterste omstandighede beleef en oorleef. Faktore wat sosiale spanning op ’n duikboot veroorsaak, sluit die afgesonderdheid van die buitewêreld, gebrek aan privaatheid en druk om goeie verhoudings te handhaaf in (Van Wijk en Dalla Cia 2016:3). Die bemanning hanteer die omstandighede met sukses deur humor en ligsinnigheid (“humerous bantering and talking nonsense”) tydens gedeelde etenstye, volgehoue sosiale interaksie en uiting aan negatiewe emosies. Laasgenoemde het dikwels met grappe en ligsinnigheid gepaard gegaan. Die navorsers wys ook daarop dat die deelnemers bewustelik gepoog het om deur optrede en rituele beide hulle sosiale en emosionele behoeftes so te bestuur dat dit nie die balans in die groep in sy geheel benadeel nie (Van Wijk en Dalla Cia 2016:4).

Individue wat suksesvol in uiterste omstandighede kan oorleef, deel ’n aantal eienskappe. Dit sluit in dat hulle gemotiveerd is, oor lae spanningsreaksievlakke beskik, avontuurlustig en dapper is, dog nie besondere risiko’s neem nie. Gedeelde waardes en die vermoë om saam te werk is ook belangrik (Corneliussen, Leon, Kjærgaard, Fink en Venables 2017:536). In hulle navorsing, wat gefokus het op die vermoë van Deense soldate om in Groenland te oorleef, bevind die navorsers dat welwillendheid (“agreeableness”) en pligsgetrouheid die hoogste gemeet het, terwyl gemeenheid en nieterughoudendheid (“disinhibition”) laag was (Corneliussen e.a. 2017:538). Die aard van geskille en die wyse waarop geskille besleg word,

is ook belangrik – in sommige gevalle is dit beter om die geskil toe te laat om oor te waai, terwyl dit in ander gevalle nodig is om die bul by die horings te pak en die geskil te besleg (Corneliussen e.a. 2017:542).

In Lowe e.a. (2012:299) se navorsing is sommige deelnemers van mening dat orkaan Katrina 'n aantal positiewe gevolge gehad het. Dit sluit beter ekonomiese vooruitsigte, 'n verbeterde lewensperspektief en beter gesinsverhoudings in – 'n gedeelde gevoel was dat die "ergste oor is" en dat as hulle die orkaan kon oorleef, hulle toekomstige teenslae die hoof sal kan bied. Ander positiewe houdings was om huidige probleme teen die orkaan te meet en dan te besef dat die probleem nie naastenby so erg is nie en dat hulle op 'n gedeelde toekoms kan fokus.

Parthasarathy (2015:559) verwys na 'n ander aspek van veerkragtigheid wat tydens die Moembaaise vloed in 2005 na vore getree het: Die informele sektor, die "city's poor and the working class, often seen as a burden, and as encroachers and illegal squatters", het saam met die besighede, middelklas en staatsagentskappe die stad op die been gebring. Parthasarathy (2015:562) verwys veral na die wyse waarop die informele sektor formele ondernemings behulpsaam was en dikwels dienste teen 'n breukdeel van die gewone prys gelewer het. Hierdie optrede beklemtoon nie net die belang van interafhanklikheid binne die ekologiese raamwerk nie, maar ondersteun ook die eties-morele sy van die handelingsteorie.

Die keersy van die muntstuk gedurende die grendelstaat is ongelukkig dat die inperkings-regulasies deur sommiges – beide nasionaal en internasionaal – geïgnoreer word. Gesien in die lig van Edyvane (2020:95) se siening dat etiese burgerskap 'n stel norme is wat 'n gedragstandaard vra wat deur al die groeplede as gesaghebbend of verpligtend beskou word, en gegewe die eties-morele moment van die handelingsteorie (Van der Walt en Wolhuter 2018:971), moet die vraag gevra word of sodanige optrede verantwoordbaar is al dan nie. Ter antwoord op hierdie vraag is dit eerstens opvallend dat die oortreding van die inperkingsregulasies klaarblyklik nie dui op burgerlike ongehoorsaamheid in die sin dat die oortreders poog om 'n maatskaplike onreg te herstel en dus vir "the greater good" van die gemeenskap optree nie (Adam 2017:477; Schultz 2019:647). Tweedens is die optrede nie bloot oneties, synde 'n verbreking van die "standaarde van ordentlikheid" (Edyvane 2020:95) nie. Dis ook polities, aangesien dit die politieke voorregte en verpligtinge van al die burgers – in dié geval die reg op veiligheid – raak.

Bonanno e.a. (2010:3) wys daarop dat die meeste mense gewoonlik in staat is om 'n ramp suksesvol te hanteer. Die vraag is in welke mate dit ook op tieners van toepassing is.

3.2.3 Tieners se hantering van rampe

Verskeie studies is oor veral die veerkragtigheid van tieners en faktore wat daartoe bydra dat hulle uitsonderlike omstandighede suksesvol kan hanteer, gedoen.

Steyn (2006) het in haar navorsing gefokus op die faktore wat bydra tot die afwesigheid van veerkragtigheid by tieners wat as risikogevalle beskou word. Sy hanteer nie net die persoonlike, gesins- en maatskaplike faktore wat veerkragtigheid ondersteun nie, maar verwys ook na risikofaktore (Steyn 2006:31–42). Van die eienskappe wat die tieners self as belangrik beskou, sluit in die ondersteuning van ouers en ander volwassenes, goeie sosiale en probleem-oplossingsvaardighede en die vermoë om ten spyte van omstandighede nie tou op te gooi nie (Steyn 2006:66, 71, 84). Deelnemers wat nie veerkragtig voorkom nie, se omstandighede word

gekenmerk deur gebrekkige verhoudings, selfbeeldprobleme, gebrek aan probleemoplossingsvaardighede, verwaarlosing en emosies van verwerping en bitterheid (Steyn 2006:76, 82). Die belang van haar navorsing is daarin geleë dat dit ’n basis bied vir eienskappe wat tieners nodig het om ’n ramp soos die grendelstaat suksesvol te oorleef.

Tupuola e.a. (2008) se navorsing wentel om tieners in die ooste van Londen. Alhoewel die sosio-ekonomiese omgewing as ondergemiddeld beskou word en die tieners as kwesbaar, het sommige tieners tydens die navorsing verkies om nie daarna te verwys nie en om hulle te distansieer van beskrywings van hulle omgewing as “ontoereikend” (Tupuola e.a. 2008:177). Deelnemers gebruik die woord “navigeer” om die kennis, vaardighede en prosesse wat hulle in staat stel om te oorleef te beskryf en wys op die belangrikheid van verhoudings om suksesvol te navigeer. Hulle weiering om na hulle negatiewe omgewing te verwys is nie aan ontkenning te wyte nie, maar eerder aan hulle vaardighede om die negatiewe omgewing te hanteer en terselfdertyd optimisties daaroor te wees (Tupuola e.a. 2008:178). Deelnemers toon ook ’n begrip van hulle maatskaplike verpligtinge en die eties-morele moment binne die handelingsteorie as hulle aan die navorsers verduidelik dat hulle nie net poog om die persepsies van hulle omgewing te verander nie, maar selfs saam met die polisie werk om misdaad te bekamp (manlike deelnemers, Tupuola e.a. 2008:178). Hierdie optrede herinner aan waarna Filippa (2016:38) as die “state of mind”-aspek van veerkragtigheid verwys. ’n Aspek wat by die reaksie van die deelnemers aansluit, is tieners se vermoë om hulle eie en ander se emosies te verstaan en dit te integreer (Winterburn, Gregory en Fitton 2014:163).

Filippa (2016) se navorsing fokus op die veerkragtigheid van Zimbabwiese tieners wie se ouers die land om verskeie redes verlaat het. In haar kwalitatiewe studie fokus sy op die belewenis van drie deelnemers. Een van die deelnemers was ’n twaalfjarige meisie genaamd Tsungai. Twee belangrike aangeleenthede wat uit die onderhoude met Tsungai na vore kom, is kommunikasie en rasionalisering (Filippa 2016:116, 118). Ten opsigte van laasgenoemde poog Tsungai om die verlies van haar moeder te rasionaliseer deur eerstens te verwys na die ekonomiese voordele daaraan verbonde en tweedens te ontken dat dit moeilik is (Filippa 2016:118, 120). Dit is in teenstelling met ’n ander deelnemer, die dertienjarige Chiedza. Sy het die verwydering tussen haar en haar gesin op ’n meer logiese wyse hanteer en eerder van strategieë wat “buigbaar, doelgerig en realiteitsgeoriënteerd” was, gebruik gemaak. Sy ontken nie die verwydering of die probleme daaraan verbonde nie, maar maak van logiese redenering gebruik om te aanvaar dat dit die voordeligste is. Kommunikasie is, soos vir Tsungai, vir haar ook belangrik (Filippa 2016:133, 136).

Sosiale afsondering en alleenheid is twee temas wat gedurende ’n ramp na vore tree. Matthews, Danese, Wertz, Odgers, Ambler, Moffit en Arseneault (2016) het navorsing gedoen oor die verband tussen die temas en depressie by tieners in Engeland. Hulle wys op die verskil in die twee sosiale konstruksies, naamlik dat sosiale afsondering die afwesigheid van ’n sosiale ondersteuningsnetwerk en alleenheid die gevoel van die afwesigheid van betekenisvolle verhoudings beteken. Sosiale afsondering is dus ’n toestand van vervreemding, terwyl alleenheid ’n subjektiewe emosionele gevoel van nood is (Matthews e.a. 2016:340). Uit hulle navorsing blyk dit dat ’n verband tussen die twee konstruksies bestaan en dat tieners wat sosiaal afgesonder is, ook meer alleen voel. Daar is ook aanduidings dat sommige tieners geneties meer geneig is tot emosies van sosiale afsondering en alleenheid, terwyl beide emosies met depressie skakel (Matthews e.a. 2016:344).

Bluth e.a. (2018) bestudeer die verhouding tussen veerkragtigheid, nuuskierigheid en selfdeernis ("self-compassion") by tieners. Al drie eienskappe dui op persoonlike welstand. Selfdeernis is die vermoë om oplettend, gebalanseerd en met sorg en begrip teenoor jouself te midde van struikelblokke op te tree. Dit stel 'n tiener onder meer in staat om buierigheid, kwesbaarheid en persoonlike worstelings te hanteer (Bluth e.a. 2018:3038). Hulle navorsing dui aan dat tieners wat veerkragtig is, meer selfdeernis het en ook meer nuuskierig is. Dit sluit in dat hulle meer gemotiveerd is om nuwe vaardighede aan te leer, om positiewe risiko's te neem en om nuwe omstandighede te aanvaar. Die keersy van die munt is dat nuuskierigheid en selfdeernis tieners kan help om meer veerkragtig in veranderende omstandighede op te tree (Bluth e.a. 2018:3044).

Fletcher e.a. (2016) maak van kreatiewe middele soos speletjies, fotostories en grafiese opnames gebruik om tieners in Kanada in staat te stel om te verduidelik hoe hulle verskillende rampe oorkom het. Uit die studie blyk 'n aantal belangrike feite, soos dat tieners spesiale behoeftes het wat soms uit die oog verloor word, dat hulle kreatiewe wyses vind om op 'n ramp te reageer, dat hulle graag betrokke wil wees by die hantering van die ramp en dat hulle toegelaat moet word om hulself uit te druk op wyses waarmee hulle gemaklik is (Fletcher e.a. 2016:158). Dit herinner aan een van die beginsels van helende onderwyspraktyke, naamlik dat dit belangrik is om saam met tieners oplossing te soek en dit nie bloot vir hulle te vind nie (Vaandering 2014:72). Dit sluit ook aan by Paulo Freire se siening dat onderwys – en dus prosesse waar kinders en tieners by betrokke is – 'n proses van wedersydse en wederkerige leer is (Freire 1998:10, 13).

In 2015 vind 'n ontploffing in Taiwan plaas waarin bykans 500 jong mense beseer word, die meeste met brandwonde. In die twee jaar na die ongeluk is verskeie onderhoude met oorlewendes gevoer, onder meer om vas te stel in welke mate hulle in staat was om te herstel of by veranderde omstandighede aan te pas (Wu e.a. 2019:518). Uit die navorsing blyk dit dat omgewingsondersteuning – soos dié van gesinne – een van die belangrikste sielkundige faktore was wat die herstelproses ondersteun het (Wu e.a. 2019:518). Die jonger slagoffers se persoonlike veerkragtigheid was ook belangrik.

'n Voorval wat die verbeelding van die wêreld aangegryp het, was die kluistering van Taiwannese tieners in 'n grot in 2018 (Buffone 2019:8). Keating (2018) skryf pas nadat die tieners gered is, dat veerkragtigheid en die vermoë om terug te bons, 'n belangrike faktor in hulle emosionele herstel sou wees. Hy wys ook daarop dat die sosiale verbintenisse waarin die tieners staan, en veral die feit dat hulle gedurende die ontberings bygestaan is deur 'n volwassene wat hulle kon vertrou, hulle trauma sou kon beperk. Hamilton (2018:4) wys daarop dat die Boeddhistiese agtergrond van die kinders – wat onder meer insluit dat kinders van jongs af geleer word om betekenis in die lewe te vind en na ander eerder as hulleself om te sien – sowel as die bystand van die afrigter gedurende die 18 dae in die grot die kinders gehelp het om die uitsonderlike omstandighede te hanteer.

3.3 Oorweging

Uitsonderlike omstandighede soos die grendelstaat toon verskeie ooreenkomste met omstandighede waarin individue en groepe hulle in die verlede bevind het. Hierdie vorige ervarings kan van hulp wees in die hantering van die pandemie, selfs gedurende 'n grendelstaat. Uit die literatuur blyk dit dat individue wat negatiewe omstandighede suksesvol hanteer het, oor beide persoonlike en sosiale eienskappe wat as "veerkragtigheid" saamgevat kan word, beskik. Veerkragtigheid kan dus 'n belangrike rol speel in die wêreldwye herstelproses, gegewe

dat dit ’n faktor is in wyd uiteenlopende omstandighede soos die Pole (Palinkas 2003; Corneliussen e.a. 2017), duikbote (Van Wijk en Dalla Cia 2016), en vir tieners in minder gegoede sosio-ekonomiese omstandighede (Tupuola e.a. 2008) wat weens omstandighede van hulle ouers verwyder is (Filippa 2016) en wat in rampe betrokke was (Buffone 2019; Wu e.a. 2019).

Een van die probleme met die meeste vorige studies oor die invloed van rampe is dat dit na die tyd – en dikwels lank na die tyd – gedoen is (Bonanno e.a. 2010:11). Die grendelstaat bied die geleentheid om navorsing te doen oor die wyse waarop tieners dit tydens die ramp beleef. Daar is nog bitter min data – met die uitsondering van ’n paar artikels en dagboekinskrywings – hieroor beskikbaar. Hierdie empiriese navorsing kan ’n bydrae lewer.

4. Empiriese navorsing

4.1 Inleiding en ontwerp

Die navorsingsmetode word tot ’n groot mate gelei deur die navorsingsvraag, omdat dit nie slegs vir die literatuurstudie nie, maar ook vir die navorsingsontwerp die basis skep (Jansen 2010:2, 3; Jacobs 2013:109). Soos reeds gemeld, is die doel van hierdie navorsing om vas te stel wat die invloed van die grendelstaat op tieners is. Die vraag, sowel as die grendelstaat self, het ’n invloed op die navorsingsontwerp. Wat die vraag betref, lê die keuse breedweg tussen ’n kwalitatiewe, kwantitatiewe en gemengde ontwerp, elk met sy voor- en nadele (McMillan en Schumacher 2010:11). Die omstandighede tydens die grendelstaat het ’n belangrike rol in die keuse gespeel. Eerstens was ek as die navorser vanweë die inperkingsregulasies afgesluit van die deelnemers. Dit was dus onmoontlik om onderhoude direk met die deelnemers te voer. Tweedens is die navorsing in die platteland gedoen onder deelnemers wat nie noodwendig toegang tot rekenaars of die internet het nie. Derdens was ek versigtig om nie – in die lig daarvan dat ek self nie ’n tiener is nie en nie binne die leefwêreld van die deelnemers is nie – ’n ontwerp te kies wat vrae stel wat moontlik nie binne die lewenservaring of huidige omstandighede van die deelnemers inpas nie.

In die lig van bogenoemde en die buitengewone omstandighede van COVID-19 wat, soos Lunn, Belton, Lavin, McGowan, Timmons en Robertson (2020:3) daarop wys, meebring dat navorsing vinniger en binne ’n korter tyd as gewoonlik gedoen word, is ’n ondersoekende kwalitatiewe fenomenologiese ontwerp gekies. Die voordeel van ’n fenomenologiese studie is daarin geleë dat dit ’n navorser in staat stel om sin te maak uit die geleefde werklikheid van deelnemers, terwyl die ondersoekende aard van die navorsing die moontlikheid skep dat die aanvanklike navorsing temas, idees en perspektiewe van ’n kleiner groep deelnemers beskikbaar kan stel vir latere, grootskaalse opvolgnavorsing (McMillan en Schumacher 2010:25, 346).

4.2 Vraelys

’n Vraelys is in die derde week van April 2020 deur middel van WhatsApp en per e-pos aan deelnemers gestuur. Omdat ek in die navorsing gepoog het om, soos Nieuwenhuis (2010:87) dit stel, “die wêreld deur die oë van die deelnemers te sien”, het die vraelys grootliks uit oop vrae bestaan. Die eerste vyf vrae was biografies van aard terwyl deelnemers op die sesde vraag ’n keuse uit vier moontlikhede moes maak. Die daaropvolgende vrae was almal oop en deelnemers is versoek om redes vir hulle antwoorde te verskaf. Die vrae het verskillende

aspekte van die grendelstaat, soos die emosies en vrese van die deelnemers en hulle sienings oor ’n verskeidenheid maatskaplike faktore soos hulle huishoudings, omgewings, demokrasie en verhoudings, aangeraak.

Deelnemers is versoek om, indien hulle positief gereageer het op die vraag of hulle bewus is van enigiemand wat berading benodig, direk met die navorser te skakel ten einde berading te reël. Laastens is deelnemers die geleentheid gebied om enige ander aspek van die grendelstaat wat nie in die vrae behandel is nie, onder die navorser se aandag te bring. Alhoewel dit tydens die grendelstaat nie moontlik was om onderhoude te voer nie, is een van die voordele van ’n vraelys dat deelnemers nie die druk van ’n onderhoud ervaar nie en op hulle eie tyd die vrae kan beantwoord (Kloppers 2017:68).

Die vraelys is in Engels opgestel en aan die deelnemers gestuur. Die rede hiervoor was tweeledig: eerstens die tydsaspek verbonde aan die navorsing en tweedens om seker te maak dat daar geen nuanseverskille in vertalings van die vrae sou wees nie. Afrikaanse deelnemers is wel die geleentheid gegun om die vrae in Afrikaans te beantwoord.

4.3 Deelnemers

Die vraelys is aan 19 tieners, wat hoofsaaklik in dorpe op die Noordwes-platteland woon, gestuur. Die deelnemers is op ’n gerieflikheidsbasis gekies. Deelnemers in kwalitatiewe studies word dikwels op gerieflikheidsbasis gekies (Kloppers 2017:9). Van die faktore wat tot hierdie steekproefmetode bydra is praktiese, effektiwiteits- en toeganklikheidsoorwegings (McMillan en Schumacher 2010:137; Strydom en Delport 2011:391). Toeganklikheid van deelnemers via WhatsApp of e-pos het weens die inperkingsmaatreëls ’n deurslaggewende rol gespeel. Deelnemers se kontakbesonderhede is nie uit ’n skool- of databasis bekom nie, maar uit ander bronne, soos ouers, vriende of versoeke vir akademiese hulp. Moontlike deelnemers of, in sommige gevalle, hulle ouers, is via WhatsApp genader met ’n versoek dat hulle dit oorweeg om aan die navorsing deel te neem. ’n Dekbrief waarin die aard van die navorsing verduidelik is, sowel as die vrae, is in die vorm van ’n foto saam met die versoek gestuur.

Om deelnemers op gerieflikheidsbasis te kies het natuurlik nadele, soos dat dit nie die bevolking voldoende reflekteer nie en/of dat dit beperkte data verskaf (Bonanno e.a. 2010:3). Hierdie beperkings kan egter tot ’n mate oorkom word deur die empiriese data teen die bestaande literatuur te toets.

4.4 Data-insameling

Data-insameling is deur middel van WhatsApp en e-pos gedoen. Deelnemers is versoek om hulle antwoorde op die vraelys deur middel van een van die twee metodes te stuur. Die meeste deelnemers het verkies om die vrae skriftelik te beantwoord en dan ’n foto daarvan te stuur. Sommiges het egter met WhatsApp-boodskappe geantwoord. Een deelnemer het per e-pos geantwoord.

4.5 Ontleding en interpretasie

Kwalitatiewe navorsing kan nóg lineêr nóg resepmatig gedoen word en nooit tot tegniese kennis verskraal word nie (Parkhe 1993:240; Heyting 2001:1). Trouens, daar is al dikwels na hierdie soort navorsingsproses as “morsig” (“messy”) verwys (Parkhe 1993:240; Mellor

2001:467). Die proses van konseptualisering en herkonseptualisering tydens die ontleding en interpretasie is dus ’n voortdurende heen-en-weer-beweging vanaf die data na oorweging, besinning en herbesinning (Baldamus 1972:296).

Die ontleding en interpretasie van data het soortgelyk aan die metode wat Vaandering en Reimer (2019:193) gevolg het, plaasgevind – ten einde te probeer om die stemme van die deelnemers te hoor, het ek in ’n “dialoog” met die deelnemers getree. My doel was om te luister na wat hulle werklik sê – dus om die mense, hulle persepsies en emosies uit die geskrewe antwoorde te “hoor”. Die temas en konsepte wat gehoor is, is gegroepeer, gekonseptualiseer en herkonseptualiseer tot die inligting wat weergegee word.

4.6 Geldigheid en betroubaarheid

Die geldigheid en betroubaarheid van hierdie navorsing is, na aanleiding van Filippa (2016:109), verseker deur eerstens die deelnemers se antwoorde vanuit verskeie invalshoeke wat deur die teoretiese basis gerig is, te ontleed. Tweedens is die data deur triangulasie teen beide die data uit bestaande literatuur en die reaksie van ander deelnemers getoets, en derdens is tydens die lees en interpretasie verseker dat deelnemers nie bloot tot geskikte kategorieë verskraal is nie, maar dat elkeen se stem – en die verskeidenheid in hulle stemme – steeds gehoor word (Tupuola e.a. 2008:176). Dit word deur onder meer direkte aanhalings van deelnemers ondersteun.

’n Aangeleentheid wat met geldigheid verband hou, is die moontlikheid dat die antwoorde nie deur die tieners nie, maar deur hulle ouers voltooi is. Hierdie moontlikheid is verreken teen die wyse waarop die vrae beantwoord is (soos deur Ludzi, 12, wat met haar maats wil speel), die tieners se handskrifte wat verskillend is van dié van die ouers toe hulle toestemming vir hulle kinders se deelname verleen het, en die spesifieke woorde en sinsnedes wat die tieners gebruik, soos “eish” (Bongoyo, 15), “Gud bcz” (Eloise, 16) en Jobo (16) se bekommernis dat die Desembervakansie nou moontlik van die baan is.

4.7 Etiese maatreëls

Omdat die deelnemers hoofsaaklik tieners is, en gegewe die grendelstaat, moes hierdie onafhanklike navorsing verskeie etiese maatreëls nakom.[7] Dit het ingesluit dat die tieners ingeligte toestemming tot die navorsing moet gee. Elke deelnemer is dus ingelig oor die aard van die navorsing, dat hulle vrywillig deelneem en te eniger tyd aan die navorsing kan onttrek. Omdat ouerlike toestemming eties onontbeerlik is vir navorsing waar kinders betrokke is (Filippa 2016:94), is die inligtingstuk met die vraelys meestal direk aan ouers gestuur met ’n versoek dat hulle kinders mag deelneem. Tieners se antwoorde word in die navorsing gebruik slegs as hulle ouers toestemming tot hulle kinders se deelname gegee het.

Ander etiese aspekte sluit in dat die vertroulikheid en anonimiteit van die deelnemers beskerm word (McMillan en Schumacher 2010:337; Corneliussen e.a. 2017:537). Om te verseker dat deelnemers op geen wyse geïdentifiseer kan word nie, is kodename aan hulle toegeken soos wat hulle reaksies ontvang is. Die name wat gebruik is, is die name van die tropiese storms vir die 2020/2021-seisoen in die westelike Indiese Oseaan (WMO 2020).

Laastens is die etiese aspek van bevoordeling belangrik (Filippa 2016:110). Bevoordeling staan in hierdie navorsing op drie bene: (a) die voordeel wat dit vir deelnemers ingehou het om hulle

omstandighede in woorde te beskryf; (b) die voordeel wat dit vir onmiddellike onderwyspraktyk en ingrypings tydens en na die grendelstaat inhou; en (c) 'n bydrae wat die navorsing oor die algemeen tot tienerwelsyn en kennis oor die grendelstaat kan lewer.

5. Data

Data is binne 'n kort tyd in April 2020 versamel – deelnemers is gevra om die vraelys binne drie dae te voltooi en terug te stuur. Weens netwerkprobleme kon sommiges dit egter eers 'n dag later instuur. Soos uit die res van die bespreking blyk, was die data voldoende om afleidings en gevolgtrekkings te maak.

5.1 Deelnemers

Teen die afsnypunt het 16 deelnemers antwoorde ingestuur: 12 meisies, twee volwassenes en twee seuns. Die volwassenes is twee ouers van tieners aan wie die vraelys gestuur is en wat besluit het om self deel te neem. Die ouderdomme van die tieners wissel tussen 12 en 17 jaar (mediaan = 14,5 jaar). Die verspreiding van moedertaal is Tswana (50%), Afrikaans (19%), Engels (19%), Xhosa (6%) en Shona (6%). Die tieners is leerders aan 10 verskillende skole. Tien leerders word in Engels onderrig, drie in Afrikaans en een in Setswana. Alhoewel al die deelnemers behalwe twee geografies binne 'n radius van 100 km van mekaar woon, is hulle biografiese besonderhede redelik uiteenlopend en weerspieël dit die diversiteit in Suid-Afrika. Die verkorte biografiese inligting oor die deelnemers met hulle kodename is in Tabel 1 uiteengesit. Faraji en Mabana is die twee volwassenes wat deelgeneem het.

Tabel 1. Biografiese besonderhede van deelnemers

	AVA	BONGOYO	CHALANE	DANILO	GUAMBE	ELOISE	FARAJI	MABANA	JOBO	KANGA	LUDZI	MELINA	RITA	SOLANI	URILIA	VUYANA
Ouderdom	13	15	15	17	14	16			16	13	12	14	14	15	14	13
Geslag*	V	V	V	M	V	V	V	V	V	M	V	V	V	V	V	V
Graad	9	10	10	10	9	11			11	8	7	9	10	10	9	8
Huistaal**	S	S	A	Sh	S	E	X	S	A	A	S	S	E	S	S	E
Skool	A	B	C	D	E	F			G	G	A	A	H	I	J	J
Onderrig-taal	E	E	A	T	E	E			A	A	E	E	E	E	E	E

* *M – Manlik* *V – Vroulik*
** *A – Afrikaans* *E – Engels* *S – Setswana* *Sh – Shona* *X – Xhosa*

Die antwoorde van die twee volwassenes is om twee redes by die ontleding en bespreking ingesluit. Eerstens sluit dit, soos uit die bespreking blyk, aan by dié van die tieners. Tweedens is dit moontlik dat die volwassenes die vraelys saam met hulle tienerdogters voltooi het. Faraji skryf byvoorbeeld "teachers need to give us more work" (onderstreping aangebring) terwyl Mabana na die druk op leerders en dalende punte verwys.

5.2 Deelnemers se reaksie

Die deelnemers se reaksie op die vrae word onder vyf temas hanteer, naamlik hulle huidige emosies, hulle vrese, hulle sienings oor onderwys, verhoudings en die gemeenskap. Al die deelnemers het hulle antwoorde in Engels gegee.

5.2.1 Huidige emosies

Deelnemers is in twee vrae versoek om hulle huidige emosies weer te gee. In die eerste vraag moes hulle op 'n skaal aandui of hulle altyd gelukkig, meestal gelukkig, meestal ongelukkig of altyd ongelukkig is. Elf deelnemers (69%) beantwoord die vraag, met 10 uit die 11 wat aandui dat hulle altyd of meestal gelukkig is.

Vervolgens is die deelnemers versoek om drie emosies oor die grendelstaat weer te gee. Die belangrikste groepe emosies word in Tabel 2 weergegee.

Tabel 2. Deelnemers se emosies

	Hartseer	**Bekommerd**	**Kwaad**	**Bly**
Aantal deelnemers	9	8	6	6
Persentasie	56%	50%	38%	38%

Nege deelnemers dui aan dat hulle hartseer, ontmoedig of ongelukkig is. Hoewel die jongste deelnemer, Ludzi (12), haar ongelukkigheid daaraan toeskryf dat sy nie met haar maats kan speel nie, verwys Bongoyo (15) na haar verhouding met haar vriend wat daaronder ly, en vyf van die ouer deelnemers spesifiek na die skole wat gesluit is. Solani (15) sê: "I feel disheartened as we have been stopped from going to school", terwyl een van die volwassenes, Faraji, die algemene gevoel van die deelnemers saamvat: "I feel bad because there is lack of education and understanding for learners" (onderstreping deur deelnemer).

Die helfte van die deelnemers is bekommerd, gespanne of bang. Rita (14) is senuweeagtig en bekommerd omdat die virus so vinnig versprei, terwyl beide Guambe (14) en Kanga (13, s)[8] bang is vir die gevolge vir die ekonomie. Twee deelnemers – Chalane (15) en Mabana – dui aan dat hulle bekommerd is omdat die skole gesluit is en Vuyana (13) is bekommerd omdat sy nie weet wat na die grendeltyd gaan gebeur nie.

Bykans twee-vyfdes van die deelnemers is kwaad of gefrustreerd oor die grendelstaat. Ludzi (12) is kwaad omdat sy nie skool toe kan gaan nie en Solani (15) verwoord haar emosie só: "I feel angry and frustrated about the sweeping restrictions that have overtaken our lives almost overnight."

'n Beduidende aantal deelnemers voel egter gelukkig of bly ten spyte van die grendelstaat. Urilia (14) is bly oor die grendelstaat, want dit gee haar meer geleentheid om te slaap en te leer

en Bongoyo (15) is bly oor die tyd wat sy saam met haar familie kan deurbring. Jobo (16) is bly en ontspanne “because I don’t have to pretend at home”.

Ander emosies waarna die deelnemers verwys, is simpatie en empatie met die virusslagoffers en ondernemings wat moes sluit. Net Eloise (16) sê dat sy verveeld is omdat sy by die huis moet bly.

5.2.2 Deelnemers se vrese

Deelnemers is versoek om hulle drie grootste vrese gedurende die grendelstaat te verwoord. ’n Opsomming daarvan word in Tabel 3 gegee:

Tabel 3. Deelnemers se vrese

	Onderwys	**Ekonomie**	**Virus**	**Honger-snood**	**Onsekerheid**	**Polisie en soldate**
Aantal deelnemers	13	6	6	3	3	2
Persentasie	81%	38%	38%	19%	19%	13%

Die meeste deelnemers verwys na onderwys. Hierdie aspek word later afsonderlik hanteer.

Die ekonomie en die gevolge daarvan kwel deelnemers. Jobo (16) verwys spesifiek daarna dat haar ouers geen inkomste kry nie omdat haar pa op kommissie werk en haar ma se onderneming gesluit is. Hierdie gevoel word deur Bongoyo (15) beaam.

Deelnemers is bang vir COVID-19 en die koronavirus en die gevolge daarvan. Ludzi (12) is bang omdat die virus dodelik is. Solani (15) sê: “I live in constant fear of losing my fellow South Africans and the people I love.” Chalane (15) is te bang om te gaan inkopies doen. Eliose (16) en Bongoyo (15) is albei bang dat die grendelstaat weens die virus verleng sal word.

Twee ander vrese is hongersnood en die veiligheidsmagte. Ten opsigte van eersgenoemde is Danilo (17, s) in die algemeen bekommerd oor hongersnood. Guambe (14) is egter bang dat sy dit self gaan ervaar: “I am afraid to end up starving because our parents are no longer going to work.” Twee deelnemers verwys spesifiek daarna dat hulle bang is vir die veiligheidsmagte. Mabana is bang omdat die polisie en soldate mense aanrand (“beat”) en Ludzi (12) is bang vir hulle omdat sy op die nuus gesien het hoe hulle mense dreig.

5.2.3 Onderwys

Deelnemers se grootste vrees is die gebrek aan onderwys. Die geslote skole is ’n tema wat deurlopend in die deelnemers se antwoorde na vore kom. Soos reeds in die vorige paragraaf genoem, is dit ’n belangrike rede waarom deelnemers bang en bekommerd is. Dertien deelnemers (81%) verwys na onderwys en drie deelnemers sê hulle is bang dat hulle gaan druip, met nog drie wat daarna verwys dat leerders agter raak of dat hulle onderrig verloor. Beide Melina (14) en Solani (15) is bang dat skole nie weer hierdie jaar gaan heropen nie, terwyl Urilia (14) en Mabana bekommerd is oor die hoeveelheid druk wat op leerders geplaas gaan word wanneer die skole heropen. Vuyana (13) is veral bekommerd omdat dit haar eerste jaar in die hoërskool is en sy nie weet wat verder gaan gebeur nie. Guambe (14) is bang dat haar

ouers dit nie meer sal kan bekostig om haar skoolgeld te betaal nie. Van die ander vrese wat met skole geassosieer word, is dat naweekskole verpligtend gaan wees en die werk wat leerders gedurende die grendeltyd doen, nie korrek is nie.

Deelnemers is ook gevra wat hulle dink die invloed van die grendelstaat op leerders se skoolwerk sal wees. Temas wat aansluit by die deelnemers se vrese word herhaal, met antwoorde soos "we are lacking [sic] behind" (Bongoyo, 15); "school grades will drop down" (Eloise, 16); "school work will be too much when we return to school" (Kanga, 13, s); en die bekommernis oor 'n verlore skooljaar (Melina, 14). Die vraag het egter ook 'n aantal nuwe temas na vore gebring, soos dat meergegoede leerders in staat is om te leer terwyl mindergegoede leerders nie selfone of selfs toegang tot radio of televisie het nie (Ava, 13 en Danilo, 17, s). Ava is ook bekommerd dat nie alle onderwysers gedurende die grendelstaat leerwerk aan leerders stuur nie.

Nie al die deelnemers was egter negatief nie. Solani (15) dui aan dat sommige leerders, soos sy, wel oor internetgeriewe beskik en daarom in staat is om by te bly. Vir Jobo (16) is selfdissipline nou belangrik, 'n houding wat Melina (14) met haar deel: "[W]e can always learn by ourselves. We can and should work hard, study, read and do all the work we were supposed to be doing at school."

5.2.4 Sienings oor verhoudings

Deelnemers het verdeelde sienings oor die invloed van die grendeltyd op verhoudings. Ses deelnemers voel dat dit verhoudings positief beïnvloed. Chalane (15) skryf: "[I]t makes us stronger", en verskeie deelnemers verwys na die verbeterde verhoudings tussen ouers en kinders. Soos Solani (15) dit stel: "[P]arents and children, they can now spend quality time together and discuss things that really matters in their lives."

Nie al die deelnemers is so positief nie. Mabana is amper filosofies in haar benadering: "Break up for some and reunion for others", terwyl Ava (13) te bang is om iets oor verhoudings te sê, want "there are married couples staying together and cohabitating". Melina (14) is egter meer uitgesproke hieroor: "[P]artners cannot be intimate as is expected due distance and long period of being apart."

Die negatiewe wyse waarop die grendelstaat verhoudings raak, vind volgens die deelnemers ook op ander wyses uitdrukking, soos dat dit verhoudings beëindig ("Majority of dating relationships are over" – Melina, 14) of mense bang is dat dit hulle verhoudings sal beëindig (Bongoyo, 15) en die verwydering spanning en depressie veroorsaak (Solani, 15). Aan die ander kant voel Eloise (16): "Others are frustrated for not being able to work and taking care of their families. They will end up taking that frustration on each other."

Haar siening word deur Chalane (15) geëggo wat hoop dat die grendelstaat verby kan gaan sodat "we can stop sharing personal belongings".

Deelnemers is ook versoek om hulle uit te spreek oor die atmosfeer in hulle huishoudings. Die antwoorde weerspieël die reaksie oor verhoudings, met opmerkings soos "the atmosphere is not good" (Ava, 13); "very tense, everyone seems frustrated" (Eloise, 16); "tense and poor" (Mabana); en "quite stressful" (Rita, 14). Maar soos met verhoudings, is nie almal negatief nie. Melina (14) sê hulle huishouding is "quiet and cool" en Chalane (15) dink "it's chilled". Ander

positiewe opmerkings sluit in: “Gud bcz there is enough space”; (Danilo, 17, s); “clear and good” (Faraji); “house is a happy family” (Jobo, 16); en Kanga (13, s) verwys na ’n huiskompetisie om te sien wie die meeste skottelgoed was en koffie maak.

5.2.5 Gevolge vir die gemeenskap

Die deelnemers is versoek om aan te dui hoe die grendelstaat hulle gemeenskappe raak. Sewe belangrike temas het uit die data na vore getree.

5.2.5.1 Ekonomie

Sewe deelnemers verwys na die uitwerking van die grendelstaat op die ekonomie. Ludzi (12) skryf: “[I]t will take a while for my family to get back on track”, omdat hulle almal tans werkloos is. Sy is egter nie die enigste een in hierdie situasie nie. Vier ander deelnemers (Chalane (15), Guambe (14), Rita (14) en Solani (15)) verwys spesifiek daarna dat hulle ouers tans werkloos is. Eloise (16) verwys na haar gemeenskap wat gefrustreerd is omdat hulle nie werk nie, en Melina (14) skryf die inperkingsregulasies veroorsaak “poverty, social and psychological pressure” in die informele sektor.

In ’n afsonderlike vraag is deelnemers gevra om aan te dui of hulle iemand ken wat tans kos benodig. Die helfte van die deelnemers het “ja” en die ander helfte het “nee” geantwoord. Net twee deelnemers (Urilia (14) en Vuyana (13)) skryf dat hulle gesinne “thankfully” en “by Grace” tans nie deur die pandemie geraak word nie. Op die vraag of hulle van enigiemand bewus is wat berading benodig, het almal egter ontkennend geantwoord.

5.2.5.2 Stilte

Sewe deelnemers verwys na hoe stil dit tans in hulle buurte is. Solani (15) beskryf die stilte só: “The streets are yet so quiet and lackluster. It is as if there is no life and that we live in a post-apocalyptic world where the struggle for survival is more desperate than ever.”

5.2.5.3 Misdaad

Ses deelnemers verwys na misdaad. Twee (Faraji en Jobo, 16) skryf dat misdaad toeneem, terwyl Ava (13) en Mabana van mening is dat dit afneem, ’n siening wat Rita (14) deel: “The crime rate has decreased, the criminals know that most of the families are at home and are always alert.”

Vir Urilia (14) is dit belangrik dat die grendeltyd geslagsgeweld verminder.

5.2.5.4 Inperkingsregulasies

’n Aspek wat by misdaad aansluit, is gemeenskappe se gewilligheid om die inperkings-regulasies na te kom. Ava (13) skryf mense beweeg rond asof niks gebeur het nie en Ludzi (12) verwys na kinders wat in die strate speel sonder dat hulle ouers omgee.

5.2.5.5 Begrafnisse

Die verbod op die bywoon van begrafnisse kwel 'n aantal deelnemers – beide Ludzi (12) en Solani (15) omdat familie en vriende nie by begrafnisse toegelaat word nie, en Guambe (14) omdat slegs 'n beperkte aantal mense toegelaat word "to attend and support the late/dead person". Trouens, sy verwys by twee vrae na begrafnisse.

5.2.5.6 Straatkinders en alkohol

Twee laaste aspekte van die grendelstaat wat oor gemeenskappe na vore kom, is die posisie van straatkinders en alkohol. Ava (13) is bekommerd oor straatkinders, want "kids they don't have shelter & food", maar Mabana voel dit gaan beter met hulle, want daar word na hulle omgesien. Ava, Melina (14) en Ludzi (12) wys daarop dat alkoholmisbruik verminder het omdat drankwinkels gesluit is en Faraji skryf dit sal verslaafdes help om hulle inname te verminder.

5.2.6 Positiewe gevolge van die grendelstaat

Al die deelnemers was in staat om minstens een positiewe gevolg van die grendelstaat te gee. Hulle bied verskeie redes aan waarvan sommige – soos minder misdaad en alkoholverbruik – reeds in vorige paragrawe hanteer is. Twee belangrike temas het egter na vore gekom. Die eerste was dat die grendelstaat meer tyd beskikbaar maak. Deelnemers verwys na meer gesinstyd ("quality time with our family" – Eloise, 16), persoonlike tyd ("time to work on yourself" – Chalane, 15), tyd om te lees en televisie te kyk ("our favourite soapies" – Solani, 15), en geloofstyd ("more time with God" – Jobo, 16). Tweedens het sewe deelnemers aangedui dat die grendelstaat die koronavirus beperk. Kanga (13, s) skryf dat een voordeel is dat die natuur nou kan rus. Hy skryf ook: "I think lockdown is good. The world never rest[s] and people never rest and now we are forced to rest."

Deelnemers verwys ook na ander voordele, soos minder ongelukke, beter higiëne en dat die grendelstaat tot besparings lei: "People will save money because shops are closed" (Ludzi, 12).

6. Bespreking

6.1 Inleiding

Dit was opvallend dat al die deelnemers die vrae in Engels beantwoord het ten spyte daarvan dat Engels die huistaal van slegs drie deelnemers is. Alhoewel die navorsing nie oor taal gehandel het nie, is dit opmerklik dat die meeste deelnemers goeie taalgebruik het. So byvoorbeeld gebruik Ludzi (12) woorde soos "misrable [sic] because I have to stay inside", terwyl Melina (14) na die "poverty, social and psychological pressure of dealing with lockdown" verwys, en Solani (15) woorde soos "disheartened" en "excruciated" gebruik. Die tieners was dus in staat om hulself suksesvol in 'n ander taal uit te druk.

Tweedens is die wyse waarop data ingesamel is, naamlik hoofsaaklik deur WhatsApp, 'n gebruik wat moontlik al hoe meer ook vir kwalitatiewe studies met skriftelike antwoorde in navorsing gebruik sal word – natuurlik onderhewig aan die voorwaarde dat navorsers die gesprekke elektronies of in harde kopie moet bewaar.

Die data word in die volgorde waarin dit in die vorige afdeling weergegee is, bespreek.

6.2 Emosies

Aangesien daar nie enige navorsing bestaan oor die invloed van die COVID-19-pandemie op tieners se emosies nie, bied die empiriese data ’n voorlopige blik op die wyse waarop hulle dit ervaar. Dit was te verwagte dat die deelnemers bang en bekommerd sou wees (Speier 2000:14; Bonanno e.a. 2010:5). Nie al die deelnemers ervaar egter hierdie emosie nie en nie een van hulle verwoord dit as vrees (“fear”) nie. Die deelnemers word dus nie lamgelê deur die grendelstaat nie. Die oorwegende emosie by die deelnemers was nie vrees, soos vroeëre navorsing oor rampe aandui nie (Speier 2000:14), maar ongelukkigheid, wat veral deur die sluiting van skole veroorsaak is.

Die feit dat nie al die deelnemers aanvanklik na vrees verwys nie, beteken nie dat almal van hulle nie bang of bekommerd is nie. Dit is duidelik uit die data in 5.2.2 dat dit nie die geval is nie. Uit die bekommernisse waarna die deelnemers verwys, blyk dit dat die COVID-19-pandemie nuwe emosies meebring, soos vrese vir die virus self. Dit bring ’n nuwe dimensie in die wyse waarop die pandemie hanteer moet word na vore, veral gegewe die jongste berigte dat China moontlik met ’n tweede uitbraak te doen het en die hernude oplewing van die Ebolavirus (Davidson 2020; WHO 2020).

’n Nuwe tema wat uit die data na vore kom, is deelnemers se woede en frustrasie wat deur die inperkings veroorsaak word. Die woede en frustrasie blyk nie net uit wat deelnemers oor hulle emosies sê nie, maar ook uit ander antwoorde, soos Solani (15) wat daarna verwys dat mense soos gevangenes in hulle eie huise bly. Die ergernis blyk baie duidelik uit een van Melina (14) se antwoorde: “Today’s time is like during apartheid era, you’ll be arrested if you don’t have a permit to be on the road.”

’n Emosie wat nie met rampe vereenselwig word nie, is die blydskap wat ’n beduidende aantal deelnemers ervaar. Die redes daarvoor is eg tiener: meer tyd om te slaap, televisie te kyk en te lees en ’n tyd om gemaklik te wees sonder die nodigheid om voor te gee. Hierdie emosie sluit aan by veerkragtigheid, wat in 6.7 hanteer word.

6.3 Onderwys

Rampe benadeel onderwys (Rodriguez-Oreggia e.a. 2010:5). Die invloed wat die grendelstaat op onderwys uitoefen, bevestig hierdie stelling. Deelnemers se emosies oor onderwys is ’n deurlopende tema in die data, met 44 datagrepe wat daarna verwys. Dit veroorsaak bekommernis en frustrasie en is tans een van hulle belangrikste vrese. Alhoewel die tieners leerders by 10 verskillende skole is, is dit opmerklik dat hulle dieselfde oor onderwys, skoolwerk, tyd wat verlore gaan en die onsekerheid voel. Dit is ’n moontlike aanduiding van ’n algemene gevoel onder leerders tydens die grendelstaat.

Uit ’n onderwysbestuursoogpunt is dit belangrik dat die bekommernisse van die deelnemers oor onderwys dringend en deurlopend hanteer word, veral gegewe vorige navorsing wat rampe met ’n groter herhalingskoers verbind (Onigbinde 2018:17). Dit is ook belangrik dat gewone klasonderwysers van die tieners se emosies en sienings kennis neem, omdat hulle sodra die skole heropen, in die eerste linie sal staan om die uitwerkings van die grendelstaat op onderwys te hanteer.

6.4 Verhoudings

Verhoudings is ’n belangrike aspek van die ekologiese omgewing waarbinne elke individu handel en is belangrik tydens en gedurende rampe (Bonanno e.a. 2010:3; Lowe e.a. 2012:287; Corneliussen e.a. 2017:536; Wu e.a. 2019:518). Van Wijk en Dalla Cia (2016) beklemtoon die belangrikheid van goeie verhoudings in beperkende omstandighede, ’n aspek wat Gaur (2020b) oor die grendelstaat bevestig. Die deelnemers se antwoorde wys enersyds op voordele wat die grendelstaat inhou, soos verbeterde ouer-kind-verhoudings en die positiewe gevolge wat meer tyd meebring. Aan die ander kant ondersteun Eloise (16) en Chalane (15) vorige navorsing dat rampe verhoudings nadelig kan raak selfs as die verhoudingsvennote bymekaar is (Palinkas 2003:354; Lowe e.a. 2012:291–7). Chalane se verwysing na gedeelde persoonlike besittings ondersteun ook Van Wijk en Dalla Cia (2016:3) se bevindings oor die belangrikheid van privaatheid. Die verdeelde menings van die deelnemers dui ook aan hoe ingewikkeld verhoudings is.

6.5 Invloed op die gemeenskap

Dit is uit die faktore waarna die deelnemers verwys, duidelik dat die pandemie ernstige gevolge vir gemeenskappe inhou. Die deelnemers bevestig vorige navorsing dat rampe die ekonomie negatief beïnvloed (Bonanno e.a. 2010:6; Rodriguez-Oreggia e.a. 2010:5–7; Lowe e.a. 2012:290) en verwys ook na die onmiddellike invloed daarvan op hulle gesinne. Trouens, net twee deelnemers (13%) skryf dat hulle gesinne nie ekonomies geraak word nie. Die gebrek aan ekonomiese aktiwiteite word ook gereflekteer in die stil strate en informele handelaars wat nie kan werk nie (Melina, 14).

Dit is interessant dat die deelnemers verskillende menings huldig oor misdaad, maar die rede daarvoor kan waarskynlik binne die deelnemers se verskillende kontekste gevind word.

Twee reaksies wat uit die data opval is deelnemers se bekommernis oor begrafnisse en die (nie)nakoming van die inperkingsvereistes. Dit val buite die bestek van hierdie navorsing om oor die belangrike rol wat begrafnisse in sommige kulture speel te besin, maar Guambe (14) se verwysing na die noodsaaklikheid om na die oorledene om te sien en die oorledene te ondersteun mag moontlik ’n rol speel in tieners se vrese en behoort ondersoek te word. Wat die (nie)nakoming van die inperkingsmaatreëls betref, is die redes daarvoor ook ’n onderwerp wat verder ondersoek behoort te word.

6.6 Positiewe gevolge

Soos reeds gemeld, was al die deelnemers in staat om iets positiefs in die grendelstaat te sien. Dit ondersteun vorige navorsing oor die positiewe aspekte van rampe (Palinkas 2003:354; Lowe e.a. 2012:290), maar dui ook aan dat die deelnemers nie in negatiewe denke vasgevang is nie. Dit was waarskynlik te verwagte dat deelnemers sou aandui dat die grendelstaat die verspreiding van die virus sou beperk – dit is immers die rede vir die grendelstaat. Hulle verwysing na meer verhoudingstyd onderskei egter die grendelstaat van ander rampe wat juis gekenmerk word deur verwydering en ontheemding (Kapit 2018:8). Kanga (13, s) se positiewe opmerkings oor die natuur en rus sluit aan by berigte soos dié van Macdonald (2020) oor wilde diere wat in stede opgemerk word en van Monks (2020) oor die verbetering in luggehalte.

6.7 Veerkragtigheid

Deelnemers is nie gevra om aan te dui hoe hulle die grendeltyd oorleef nie. Die empiriese studie verskil dus van studies van Steyn (2006), Tupuola e.a. (2008), Filippa (2016) en Bluth e.a. (2018), waar die bepaling van veerkragtigheid deel van die navorsingsontwerp was. Tog het die data verskeie tekens van veerkragtigheid getoon.

91% van die deelnemers is altyd of meestal gelukkig. Positiwiteit is ’n aanduiding van veerkragtigheid (Bonanno e.a. 2010:19). Tweedens is die meeste deelnemers nie in negatiwiteit vasgevang nie. Hierdie aspek word versterk deur die deelnemers se vermoë om hulle huidige omstandighede te omvorm tot positiewe ruimtes (Tupuola e.a. 2008:178). Verskeie deelnemers het ook verwys na hulle eie rolle in hulle onderwys en dat hulle sukses van hulself gedurende grendeltyd afhang. Deelnemers was ook in staat om hulle eie en ander se emosies te verwoord, ’n eienskap wat op veerkragtigheid dui (Winterburn e.a. 2014:163.) Dit sluit enersyds in dat hulle bereid is om hulle eie vrees, ergernis en selfs blydskap weer te gee en die emosionele atmosfeer in hulle omgewing kan beskryf.

Ten spyte van die positiwiteit is sommige deelnemers meer swaarmoedig, soos blyk uit stellings soos: “I am afraid to end up starving because our parents are no longer going to work” (Guambe, 14). Dit kan enersyds beteken dat sommige tieners die toekoms tans as negatief ervaar, en andersyds is dit ’n wekroep dat die nodige ondersteuningsdienste betyds beplan moet word.

Daarteenoor verwys nie een van die deelnemers daarna dat hulle alleen of afgesonderd is nie, wat, in die lig van Matthews e.a. (2016) aandui dat hulle sosiaal afgesonder mag wees maar nie noodwendig alleen voel nie. Al die deelnemers beskou ook verhoudings as belangrik en verwys na gesinstyd, dat die grendeltyd die gemeenskap sterker maak, of na die skade wat dit aan verhoudings berokken. Goeie verhoudings dui op veerkragtigheid (Steyn 2006:34; Filippa 2016:32).

Laastens openbaar deelnemers ’n toekomsgerigtheid, wat aansluit by Steyn (2006:34) se “sense of purpose and future”. So byvoorbeeld skryf Solani (15) dat die regering nou reeds moet beplan vir moontlike verdere rampe. Twee aanhalings som deelnemers se veerkragtigheid ten spyte van die omstandighede op:

> I think lockdown is good. The world never rest[s] and people never rest and now we are forced to rest. (Kanga, 13, s)
>
> Lockdown should set as an example of good hygiene to our countries, and how we should look after each other as citizens. (Solani, 15)

7. Opsomming, beperkings en aanbevelings

Die internasionale COVID-19-pandemie en die grendelstaat raak elke Suid-Afrikaner en die meeste wêreldburgers. Hierdie navorsing ondersteun die stelling en wys veral op die invloed daarvan op tieners binne hulle ekologiese omgewings. Die emosies wat die deelnemers beleef en die wisselwerking tussen hulle en hulle omgewing bevestig die belangrikheid van hierdie sisteme. Deelnemers se reaksies, en veral hulle bekommernis oor onderwys en hulle

gemeenskappe, bevestig ook dat hulle binne ’n bepaalde roeping en omgeeverhouding met hulle omgewing staan.

Die empiriese studie bied ’n intydse en voorlopige siening van die wyse waarop tieners die grendelstaat beleef en kan ’n bydrae lewer tot die wyse waarop die invloed en nagevolge van die pandemie hanteer word. Die navorsing dra ook by tot navorsing oor tieners se emosies en denke tydens ’n ramp en bring nuwe insigte oor emosies soos woede en blydskap daartydens wat verder ondersoek kan word. Die navorsing beklemtoon ook die belangrikheid van onderwys in tieners se oë.

Die artikel het ook besin oor die wyses waarop volwassenes en tieners rampe deur veerkragtige optrede suksesvol hanteer het. Tekens daarvan is reeds in die empiriese studie gevind, hoewel nie al die deelnemers tans veerkragtig reageer nie. Dit is ’n aspek wat aandag verdien.

Die navorsing is onderhewig aan ’n aantal beperkings. Eerstens is dit ten tye van die grendeltyd gedoen, wat die navorser die voordeel van besinning en terugskouing ontneem. Tweedens was die literatuurstudie sowel as die empiriese navorsing tyd- en plekgebonde weens die inperkings-regulasies. ’n Derde beperking is die aantal deelnemers en die feit dat slegs twee seuns deelgeneem het. ’n Groter en meer omvattende navorsingsontwerp mag dalk ander bevindings meebring en van die bevindings in hierdie voorlopige navorsing omverwerp of wysig.

Ten spyte van die beperkings dra hierdie navorsing by tot die kennis oor rampe in die algemeen en die gevolge wat dit tydens die duur daarvan op tieners in besonder het. Die navorsing kan dus bydra tot die onderwyspraktyk en maatskaplike ondersteuning gedurende en na die grendeltyd. Dit het ook enkele temas – soos die beskikbaarheid van onderrig vir leerders sonder toegang tot slimfone of die internet, beperkings op begrafnisbywoning, en oënskynlike burgerlike ongehoorsaamheid – uitgelig wat in verdere navorsing ondersoek kan word.

In die lig van die literatuur en die empiriese studie word die volgende aanbevelings gemaak:

- Volledige kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing oor die invloed van die pandemie op veral plattelandse huishoudings en tieners sal ’n vollediger wetenskaplike beeld van die reaksie op en die gevolge van die pandemie bied.
- Verdere navorsing is nodig oor die invloed van die grendeltyd op verskynsels soos begrafnisse, die gebrek aan toegang tot onderwys gedurende ’n grendelstaat, die redes vir nienakoming van inperkingsregulasies en veerkragtigheid tydens die grendelstaat.
- Navorsing oor die herverspreiding van die virus en nuwe uitbrake is in die lig van vrese wat dit skep, noodsaaklik. Daarmee saam behoort inligting oor die aard en gevolge van die pandemie voortdurend versprei te word om vrese daaroor te besweer.
- Die nasionale en provinsiale departemente van onderwys moet verseker dat leerders en ouers se bekommernisse oor onderwys hanteer en oplossings tydig in werking gestel word. Dit is belangrik dat tieners self deel van die oplossings oor hulle onderwys en onderrig moet wees.
- Programme en ondersteuning wat op die veerkragtigheid van veral tieners gerig is, is noodsaaklik.
- Die staat en privaatsektor behoort seker te maak dat uitgebreide ekonomieseherstel-planne ook die afgeleë platteland bereik.

- Na aanleiding van Lowe e.a. (2012:302) is dit noodsaaklik dat maatskaplike programme op die platteland beskikbaar gestel word om gesinne in staat te stel om werkloosheid en armoede wat gedurende die grendeltydperk ontstaan en daarna sal voortduur, te hanteer.
- Postpandemie programme gerig op die hantering en bestuur van rampe behoort deur veral nieregeringsorganisasies oorweeg te word, veral in die lig daarvan dat die jongste navorsing daarop dui dat COVID-19 weer kan opvlam en soortgelyke pandemies ook moontlik is.
- Klasonderwysers behoort opleiding en ondersteuning te ontvang om hulle in staat te stel om die emosionele en onderwysgevolge wat die grendelstaat op leerders gaan hê, te hanteer en te bestuur.
- Beplanning vir sorg en nasorg moet op ’n gestruktureerde, multidimensionele en multi-dissiplinêre wyse ontwikkel en geïmplementeer word.
- Ruimte moet geskep word vir spesifieke programme wat op tieners gerig is en die programme moet in samewerking met tieners opgestel word. Dit is belangrik dat alle programme behoorlik gekoördineer word. Dit mag raadsaam vir die regering wees om die bestaande gesentraliseerde bestuurstruktuur in stand te hou en uit te brei om oorvleueling en die vermorsing van fondse en hulpbronne te voorkom.

Die titel van die artikel kom uit ’n opmerking van die vyftienjarige Bongoyo. Dit is in die lig daarvan dat die artikel oor tieners handel, ook gepas om af te sluit met die woorde van ’n ander deelnemer, Rita (14), wat ons ten spyte van die grendelstaat aanspoor:

> If there was ever a time to dare, to make a difference, to embark on something worth doing IT IS NOW.

Bibliografie

Adam, N.P. 2017. Uncivil disobedience: Political commitment and violence. *Res Publica,* 24:475–91.

Baldamus, W. 1972. The role of discoveries in Social Science. In Shanin (red.) 1972.

Bluth, K., M. Mullarkey en C. Lathren. 2018. Self-compassion: A potential path to adolescent resilience and positive exploration. *Journal of Child and Family Studies*, 27:3037–47.

Bonanno, G.A., C.R. Brewin, K. Kaniasty en A.M. la Greca. 2010. Weighing the costs of disaster: Consequences, risks, and resilience in individuals, families, and communities. *Psychological Science in the Public Interest*, 11(1):1–49.

Bronfenbrenner, U. 1979. *The ecology of human development: Experiments by nature and design.* Cambridge, MA: Harvard University Press.

Buffone, J. 2019. Thai Cave rescue: One year on. *Australian Journal of Emergency Management,* 34(3):8–9.

Corneliussen, J.G., G.R. Leon, A. Kjærgaard, B.A. Fink en N.C. Venables. 2017. Individual traits, personal values, and conflict resolution in an isolated, confined, extreme environment. *Aerospace Medicine and Human Performance*, 88(6):535–43.

Davidson, H. 2020. China coronavirus infections rise as some Spanish companies prepare to restart work. *The Guardian*, 13 April. https://www.theguardian.com/world/2020/apr/13/china-infections-rise-as-some-spanish-companies-prepare-to-restart-work#img-1 (16 April 2020 geraadpleeg).

De Vos, A.S., H. Strydom, C.B. Fouché en C.S.L. Delport. 2011. *Research at grass roots: For the social sciences and human service professions.* 4de uitgawe. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Drabek, T.E., W.H. Key, P.E. Erickson en J.L. Crowe. 1975. The impact of disaster on kin relationships. *Journal of Marriage and Family*, 37(3):481–94.

Edyvane, D. 2020. Incivility as dissent. *Political Studies*, 68(1):93–109.

Ewuoso, C. en S. Hall. 2019. Core aspects of *ubuntu*: A systematic review. *South African Journal of Bioethics Law*, 12(2):93–103.

Fergus, S. en A.C. Zimmerman. 2005. Adolescent resilience: A framework for understanding healthy development in the face of risk. *Annual Review of Public Health,* 26:399–419.

Filippa, O.M. 2016. Exploring resilience in the narratives of Zimbabwean adolescents affected by parental out-migration and the Diaspora. DLitt et Phil-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Fletcher, S., R.S. Cox, L. Scannell, C. Heykoop, J. Tobin-Gurley en L. Peek. 2016. Youth creating disaster recovery and resilience: A multi-site arts-based youth engagement research project. *Children, Youth and Environments*, 26(1):148–63.

Freire, P. 1998. *Pedagogy of freedom: Ethics, democracy and civic courage*. Lanham: Rowman & Littlefield.

Gaur, A. 2020a. Lockdown diary of a teenager: What young India think of PM Modi's speeches. *DailyO*, 3 April. https://www.dailyo.in/variety/lockdown-diaries-narendra-modi-speech-coronavirus-in-india-taali-bajao-torch-jalao/story/1/32658.html (13 April 2020 geraadpleeg).

—. 2020b. Lockdown diary of a teenager: How coronavirus is making us appreciate the lives of our grandparents. *DailyO*, 7 April. https://www.dailyo.in/ variety/covid-19-lockdown-in-india-lockdown-elderly/story/1/32676.html (13 April 2020 geraadpleeg).

Gillies D, L. Maiocchi, A.P. Bhandari, F. Taylor, C. Gray en L. O'Brien. 2016. Psychological therapies for children and adolescents exposed to trauma. *Cochrane Database of Systematic Reviews*, 10, art. CD012371.[9]

Hamilton, A. 2018. Lessons in compassion from Thai cave rescue. *Eureka Street*, 28(13):3–4.

Härkönen, U. 2007. The Bronfenbrenner ecological systems theory of human development. *Scientific Articles of V International Conference: Person.Color.Nature.Music.* 17–21 Oktober, Saule, Letland: Daugavpils University.

Heyting, F. 2001. Methodological traditions in philosophy of education. In Heyting e.a. (reds.) 2001.

Heyting, F., D. Lenzen en J. White (reds.). 2001. *Methods in philosophy of education.* Londen: Routledge.

Jacobs, R.L. 2013. Writer's Forum – Developing a dissertation research problem: A guide for doctoral students in human resource development and adult education. *New Horizons in Adult Education & Human Resource Development*, 25(3):103–11.

Jansen, J.D. 2010. The research question. In Maree (red.) 2010.

Jasevičiūtė, A. 2020. Teenage girl from Wuhan shares how dramatically her life has changed during the coronavirus outbreak. *Boredpanda.* https://www.boredpanda.com/diary-girl-wuhan-coronavirus (13 April 2020 geraadpleeg).

Jordaan, W. 2013. Om liewer die lewe in te stap. *Volksblad, Saterdag By*, 16 Maart, bl. 5.

Kapit, A. 2018. *Education under attack – 2018*. New York: GCPEA. http://www.protectingeducation.org/eua2018 (15 April 2020 geraadpleeg).

Keating, D.P. 2018. The boys from the cave: The case for resilience. *Psychology Today*, 13 Julie. https://www.psychologytoday.com/us/blog/stressful-lives/201807/the-boys-the-cave-the-case-resilience(12 April 2020 geraadpleeg).

Kloppers, D.F. 2017. Paulo Freire se benadering tot leer en onderrig as teenvoeter vir die kultuur van geweld teen vroue en kinders in Suid-Afrika. MEd-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Kloppers, D.F. en G. van den Berg. 2018. Basiese onderwys vir volwassenes as teenvoeter vir geweld teen vroue en kinders. *LitNet Akademies,* 15(1):311–51.

Letseka, M. en S.M. Matlabe. 2018. Ubuntu's application to the exclusion of students with disability. In Sefotho (red.) 2018.

Lowe, S.R., J.E. Rhodes en A.A.J. Scoglio. 2012. Changes in marital and partner relationships in the aftermath of Hurricane Katrina: An analysis with low-income women. *Psychology of Women Quarterly*, 36(3):286–300.

Lunn, P., C. Belton, C. Lavin, F. McGowan, S. Timmons en D. Robertson. 2020. *Using behavioural science to help fight the coronavirus.* Dublin: ESRI Behavioural Science Unit. https://www.esri.ie/publications/using-behavioural-science-to-help-fight-the-coronavirus (12 April 2020 geraadpleeg).

Macdonald, H. 2020. Animals are rewilding our cities. On YouTube, at least. *New York Times*, 15 April. https://www.nytimes.com/2020/04/15/magazine/quarantine-animal-videos-coronavirus.html (17 April 2020 geraadpleeg).

Mailovich, C. 2020. Ramaphosa extends SA's lockdown by another two weeks. *Business Live*, 9 April. https://www.businesslive.co.za/bd/national/2020-04-09-sas-lockdown-extended-for-two-more-weeks(11 April 2020 geraadpleeg).

Maree, J.G. (red.). 2010. *First steps in research.* Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Matthews, T., A. Danese, J. Wertz, C.L. Odgers, A. Ambler, T.E. Moffit en L. Arseneault. 2016. Social isolation, loneliness and depression in young adulthood: a behavioural genetic analysis. *Social Psychiatry* and *Psychiatric Epidemiology*, 51:339–48.

McMillan, J.H. en S. Schumacher. 2010. *Research in Education: Evidence-based inquiry*. 7de uitgawe. Boston: Pearson.

Monks, P. 2020. Coronavirus: Lockdown's effect on air pollution provides rare glimpse of low-carbon future. *The Conversation*, 15 April. https://theconversation.com/coronavirus-lockdowns-effect-on-air-pollution-provides-rare-glimpse-of-low-carbon-future-134685 (18 April 2020 geraadpleeg).

Nieuwenhuis, J. 2010. Qualitative research design and data gathering techniques. In Maree (red.) 2010.

Onigbinde, L.O. 2018. The impacts of natural disasters on educational attainment: Cross-country evidence from macro data. MSc-verhandeling, Universiteit van San Francisco, San Francisco.

Palinkas, L.A. 2003. The psychology of isolated and confined environments: Understanding human behavior in Antarctica. *American Psychologist*, 58(5):353–63.

Parkhe, A. 1993. "Messy" research, methodological predispositions, and theory development in international joint ventures. *Academy of Management Review*, 18(2):227–68.

Parthasarathy, D. 2015. Informality, resilience, and the political implications of disaster governance. *Pacific Affairs*, 88(3):551–75.

Reddy, S. 2020. The impact of the nationwide lockdown on mental health. *Daily Maverick*, 3 April. https://www.dailymaverick.co.za/article/2020-04-03-the-impact-of-the-nationwide-lockdown-on-mental-health (18 April 2020 geraadpleeg).

Rodriguez-Oreggia, E., A. de la Fuente, R. de la Torre en H. Moreno. 2010. The impact of natural disasters on human development and poverty at the municipal level in Mexico. https://www.researchgate.net/publication/228889532_The_Impact_of_Natural_Disasters_on_Human_Development_and_Poverty_at_the_Municipal_Level_in_Mexico (13 April 2020 geraadpleeg).

Schultz, S.H.J. 2019. Civil disobedience: A constitutional alternative to injustice. *Mitchell Hamline Law Review*, 45(2):art. 9.

Sefotho, M.M. (red.). 2018. *Philosophy in education and research – African perspectives*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Sefotho, M. M. en A.H du Plessis. 2018. Paradigms, theoretical frameworks and conceptual frameworks in educational research. In Sefotho (red.) 2018.

Shanin, T. (red.). 1972. *The rules of the game.* Londen: Tavistock Publications.

Speier, A.H. 2000. *Psychosocial issues for children and adolescents in disasters*. 2de uitgawe. Washington, DC: SAMHSA National Mental Health Information Center.

Steyn, S.T. 2006. Resilience in adolescents: A psycho-educational perspective. MEd-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Strydom, H. en C.S.L. Delport. 2011. Sampling and pilot study in qualitative research. In De Vos e.a. 2011.

Tupuola, A.M., V. Cattell en S. Stansfeld. 2008. Vulnerable youth, dialogic exchanges and resilience: Some preliminary findings from an exploratory study in East London. *Vulnerable Children and Youth Studies*, 3(3):174–81.

Vaandering, D. 2014. Implementing restorative justice practice in schools: What pedagogy reveals. *Journal of Peace Education*, 11(1):64–80.

Vaandering, D. en K. Reimer. 2019. Listening deeply to public perceptions of Restorative Justice: What can researchers and practitioners learn? *International Journal of Restorative Justice*, 2(2):186–208.

Van der Walt, H. en C. Wolhuter. 2018. Die bou en benutting van ’n teoretiese raamwerk om verdiepte insig in ’n opvoedkundigenavorsingsprobleem te bekom. *LitNet Akademies*, 15(3):963–83.

Van Wijk, C.H. en V. Dalla Cia. 2016. “Covert coping” in extreme environments: Insights from South African submarines. *Journal of Human Performance in Extreme Environments*, 12(2), art. 3.

Voges, R. 2019. Antjie Krog, gemeenskaplikheid en die behoefte aan interverbondenheid in *Mede-wete* (2014). *LitNet Akademies*, 16(1):145–65.

WHO (World Health Organisation). 2020. New Ebola case confirmed in the Democratic Republic of the Congo. https://www.who.int/news-room/detail/10-04-2020-new-ebola-case-confirmed-in-the-democratic-republic-of-the-congo (16 April 2020 geraadpleeg).

Winterburn, N., P. Gregory en D. Fitton. 2014. Designing teenage emotions with a life of their own. BCS-HCI '14: Proceedings of the 28th International BCS Human Computer Interaction Conference on HCI 2014 – Sand, Sea and Sky – Holiday HCI:161–70. https://www.researchgate.net/publication/305811658_Designing_Teenage_Emotions_with_a_Life_of_Their_Own (13 April 2020 geraadpleeg).

WMO (World Meteorological Organization). 2020. Tropical cyclone naming. https://public.wmo.int/en/our-mandate/focus-areas/natural-hazards-and-disaster-risk-reduction/tropical-cyclones/Naming (11 April 2020 geraadpleeg).

Wu, C.Y., M.B. Lee, C.H. Lin, S.C. Kao, C.C. Tu en C.M Chang. 2019. A longitudinal study on psychological reactions and resilience among young survivors of a burn disaster in Taiwan 2015–2018. *Journal of Advanced Nursing*, 76:514–25.

Zack, N. 2009. *Ethics for disaster*. Lanham: Rowman en Littlefield.

Zimmerman, M.A. 2013. Resiliency Theory: A strengths-based approach to research and practice for adolescent health. *Health Educational Behaviour*, 40(4):381–83.

Zimmerman, M.A., S.A. Stoddard, A.B. Eisman, C.H. Caldwell, S.M. Aiyer en A. Miller. 2013. Adolescent resilience: Promotive factors that inform prevention. *Child Development Perspective*, 7(4):1–9.

Eindnotas

[1] Die woord *grendelstaat* word gebruik vir die tydperk waartydens Suid-Afrikaners se handels- en bewegingsvryheid kragtens die inperkingsregulasies wat ingevolge die Rampbestuurswet 57 van 2002 vanaf 25 Maart 2020 uitgevaardig is, beperk is. Die betrokke wet en regulasies is op http://www.saflii.org beskikbaar.

[2] By internetartikels word die bladsye nie aangedui nie.

[3] Om hom/haar, hy/sy en sy/haar te vermy, word bloot na een geslag verwys. Binne die konteks moet die voornaamwoorde geslags-/geslagtelik inklusief gelees word.

[4] Die woord *ubuntu* word binne Afrika-konteks gebruik om die verhouding tussen en interafhanklikheid van individue en hulle gemeenskappe te verwoord: Wat met die individu gebeur, gebeur met die groep en omgekeerd (Letseka en Matlabe 2018:81). *Ubuntu* verwoord twee belangrike aspekte van menswees: die individuele aspek wat die belangrikheid van eienskappe soos omgee, vriendelikheid, respek, deernis en selfversekerdheid onderskryf, en die kudde-aspek wat die belangrikheid van die individu as deel van ’n groep onderskryf. Vir vollediger besprekings van die aard en inhoud van die begrip, sien bv. Ewuoso en Hall (2019) en Voges (2019:147–9).

[5] Zack (2009:7) omskryf ’n ramp as een of ’n reeks natuurlike of mensgemaakte gebeurtenisse wat ’n wesenlike aantal mense dood of skade berokken, of hulle daaglikse lewens ernstig benadeel of onderbreek.

[6] Die woord *selfdood* word, in navolging van o.a. Jordaan (2013:5), as ’n “menswaardiger manier van praat” oor mense wat “uit eie hand uit die lewe gestap het”, gebruik.

[7] Die navorsing is onafhanklik gedoen en aangesien die skrywer nie by ’n tersiêre instelling ingeskakel is nie, is die gebruiklike etiese toestemming van ’n etiese komitee nie van toepassing nie.

[8] Omdat slegs twee deelnemers seuns was, word hulle met ’n “s” tussen die hakies met hulle ouderdomme aangedui. Vir die meisies word slegs hulle ouderdomme tussen hakies aangedui, en vir die volwasse deelnemers word slegs hulle name gebruik.

[9] In sommige vaktydskrifte wat digitaal beskikbaar is, word nie na bladsynommers nie, maar na die nommer van die betrokke artikel verwys.